
# MY DERDE OUMA

## 'n Nama vroedvrouverhaal



*Illustrasies deur Nicola Visser & Rosa Shepherd*

deur

Loretta Feris, Siona O'Connell, Leanne Feris en Alicia English

# MY DERDE OUMA

## ’n Nama vroedvrou-verhaal



Deur Loretta Feris, Siona O’Connell,
Leanne Feris en Alicia English

Illustrasies deur
Nicola Visser en Rosa Shepherd

ESI Press
University of Pretoria, Lynnwood Avenue, Hatfield, Pretoria, South Africa
https://esipress.up.ac.za/

The Olive Exchange
4 Kowie Close, Mitchell's Plain, Cape Town, South Africa
https://oliveexchange.net/

Publikasie © ESI Press 2024, The Olive Exchange 2024
Teks © Loretta Feris, Siona O'Connell, Leanne Feris,
en Alicia English, 2024

Die menings wat in hierdie publikasie uitgespreek word, is dié van die skrywers. Hulle weerspieël nie noodwendig die sienings of beleide van ESI Press en The Olive Exchange of dui aan dat ESI Press en The Olive Exchange die menings van die skrywers onderskryf nie. Alle regte voorbehou.

Geen deel van hierdie boek mag in enige vorm of op enige elektroniese of meganiese manier weergegee of oorgedra word nie, insluitend fotokopiëring en opname, of deur enige ander inligtingstoorplek of -herwinningstelsel, sonder skriftelike toestemming van die uitgewer.

Omslagontwerp: Stephen Symons
Tipografie en ontwerp: Stephen Symons
Illustrasies: Nicola Visser en Rosa Shepherd
Gedruk en gebind in 2024
Eerste gedruk deur ESI Press and The Olive Exchange, 2024
ISBN: 978-1-0672680-1-5 (Druk)
ISBN: 978-1-0672680-4-6 (E-boek/digitaal)

***Hierdie boek is nie te koop nie.***



*Opgedra an alle vroedvroue:*
*die wat ons in die lewe gebring het,*
*die wat ons ma's en hulle se ma's in die lewe gebring het*
*en die wat elke dag vroue bystaan*
*en babas die lewe inhelp.*



*Dankie aan die volgende persone:*

Dr Carol Nonkwelo, Professor Sandy Adams, Avron Thomas, Veronica Roberts, Irene McDonald, Christe Markus, Alfred Thomas, Mauricia Mortlock, Mauricio Mortlock, Letiticia Pandeho, Arista Aweries, Mario Maggott, Sapphire Juggan, Makayla Juggan, Nina du Preez, Dina Christiaans, Dr Philip Nolte, Professor Nick Shepherd, Marc Falconer, Ilze Wolff, Andrea du Toit, Dr Heather Thuynsma, Jane Mampane, Professor Karen Harris & John-L Fortuin

Dit is ’n stil lenteoggend en Namakwaland
is toegegooi onner ’n lap kombers
van blommetjies mit baie kleure.

Ouma pluk kruie in haar tuin.
’n Nuuskierige dassie, Mauricio,
kom lê bietjie innie oggendson.



Soos Ouma Toesie die kruie pluk, sit sy hulle in haar voorskoot. Sy sal hulle later gebruik om salf en olies te maak.

Net toe, kom Sonnetjie aangehardloop. “Môre, Ouma, ek het vir Ouma kom haal!” sê Sonnetjie. Sy is omtrent opgewonde.



“Môre, my tjent, waarheen is jy so haastig op pad?” vra Ouma Toesie. Mauricio lyk verward.

“Dis tyd! Mamma is gereed om die babatjie te kry,” sê Sonnetjie en trek aan Ouma se hand.



Ouma Toesie se geplooide hande vertel hulle eie verhaal. Haar hande is hande wat genees en vashou. As vroedvrou van Dassiefontein het haar hande al baie vroue gehelp om geboorte te skenk – te veel om te tel.

Net soos die sterre van die naglug, hou haar hande die verlede, die hede en die toekoms vas.



Ouma Toesie maak haar pad na Sonnetjie se huis ’n paar strate weg. Met haar een hand hou sy aan Sonnetjie vas en met die ander hand maak sy haar voorskoot vol met kruiemedisyne, salf en olies.

Mauricio volg nie te ver agter hulle nie en hou ’n oog op Ouma se mandjie.


MAURICIO

Toe hulle aankom, stap Ouma Toesie in die huisie in, terwyl Sonnetjie en Mauricio op die stoep wag.

Ouma Toesie was nie veel ouer as Regina, Sonnetjie se ma nie, toe haar ouma haar begin leer het van alles wat ’n vroedvrou moet weet.

Haar ouma het haar ook als geleer wat daar te wete was oor die Nama-leefstyl. Binnekort sal dit tyd wees om daardie wysheid ook met Regina te deel.



Sonnetjie se mamma is verlig om vir
Ouma Toesie te sien.
Trane loop teen haar wange af.

Ouma vee saggies haar trane weg.
Oor die jare het sy die trane van baie
mamma's gevang gedurende geboorte
en sy bêre elkeen in haar hart.



Na ’n lang gewag hoor Sonnetjie en
Mauricio ’n baba in die huis huil.
Ouma Toesie kom eindelik uit die huisie
en gaan na Sonnetjie en Mauricio
toe op die stoep.

Mamma en baba rus binne.
“Dis ’n seuntjie!” sê sy,
tot Sonnetjie en Mauricio se vreugde.



Ouma Toesie vou Sonnetjie se hande toe binne-in hare. “Eendag, wanneer jy heelwat ouer is, Sonnetjie, sal dit jou hande wees wat genees en vashou, net soos myne.”

“Maar ek weet niks van hoe om ’n vroedvrou soos Ouma te wees nie,” sê Sonnetjie.

“Moenie bekommerd wees nie, my kind. Ek sal jou die weë van die vroedvrou leer, nes my ouma my geleer het as ’n kind.”



*Die Einde*



# MY DERDE OUMA

## ’n Nama vroedvrou-verhaal

Deur Loretta Feris, Siona O’Connell, Leanne Feris, & Alicia English



Illustrasies deur Nicola Visser & Rosa Shepherd

Die tienjarige Sonnetjie het vir Ouma Toesie kom roep. Dit is tyd, haar ma is gereed om geboorte te gee. Ouma Toesie is die vroedvrou in Dassiefontein. Binnekort sal sy haar wysheid aan Sonnetjie se ma oorgee, net soos haar ouma voor haar.

*My Derde Ouma – ’n Nama vroedvrou-verhaal* vang die wysheid vas van die Nama-vroedvrou wat deur geslagte heen oorgedra is.



Sport, Arts and Culture
Department:
Sport, Arts and Culture
NORTHERN CAPE

THE OLIVE EXCHANGE
BELIEVE. INSPIRE. CONNECT

ESI